MUNISIPALE VERKIESINGS 4 NOVEMBER 2026

INLIGTINGSNOTA / RIGLYNE : TLU SA LEDE

Veiligheid, moontlike onrus, vervoer van plaaswerkers en biosekuriteit tydens die munisipale verkiesings

Datum van verkiesing: Woensdag, 4 November 2026

Doelstelling : Om praktiese riglyne aan boere te verskaf ten einde plaasveiligheid en werknemersveiligheid te bevorder, landboubedrywighede te beskerm en bestaande biosekuriteitsmaatreëls gedurende die verkiesingstydperk te handhaaf.

Die munisipale verkiesings is 'n belangrike demokratiese proses. Boere word aangeraai om vooraf te beplan, kalm en waaksaam te bly en te verseker dat alle reëlings die veiligheid van mense, eiendom en diere in ag neem.

Die onderstaande riglyne is voorkomende aanbevelings en moet saam met toepaslike wetgewing, bestaande plaasveiligheidsplanne en enige geldende biosekuriteitsprotokolle gelees word.

1. **Plaasveiligheid en toegangsbeheer**

   Boere word aangeraai om hul bestaande veiligheidsmaatreëls voor en gedurende die verkiesing te hersien en konsekwent toe te pas.

   Aanbevole voorsorgmaatreëls:

   - Bevestig dat hekke, heinings, toegangspunte, alarms, kameras en ander veiligheidsmaatreëls behoorlik funksioneer.
   - Hou 'n opgedateerde lys van noodkontaknommers vir SAPD, plaaslike veiligheidsnetwerke, bure, sekuriteitsmaatskappye en verantwoordelike persone op die plaas.
   - Maak seker dat werkers weet wie om te kontak indien hulle verdagte aktiwiteite, dreigemente, intimidasie of ongewone beweging in die omgewing opmerk.

- Boere word aangeraaai om hul plaaslike veiligheidskoördineerders vooraf in kennis te stel van enige bevestigde bedreigings of moontlike ontwrigting in hulle gebied.
- Verhoog waaksaamheid by plaashekke, toegangspaaie, werkswinkels, store, brandstofopslagplekke, wonings en ander sensitiewe gebiede.
- Beperk die verspreiding van besonderhede oor die plaas se veiligheidsreëlings, roetes, wagroosters en die ligging van waardevolle toerusting.
- Verskerp waaksaamheid by plaashekke.
- Vermy onnodige konfrontasies. Vermy direkte konfrontasies met verdagte persone en moenie die situasie deur onnodige optrede, soos self arrestasie, laat eskaleer nie.
- Rapporteer dreigemente, geweld, intimidasie, vandalisme en ander verdagte voorvalle aan die SAPD en die toepaslike plaaslike veiligheidsnetwerk.

Boere behoort nie bloot op grond van ongeverifieerde inligting, gerugte of politieke uitsprake, op te tree sonder om die betroubaarheid daarvan te bevestig nie. Enige dreigement of waarskuwing behoort sover moontlik geverifieer te word voordat verdere stappe gedoen word.

2. **Moontlike onrus, betogings of openbare onluste**

Hoewel daar nie sonder betroubare inligting aanvaar moet word dat onrus sal plaasvind nie, is dit verstandig om vir moontlike ontwrigting voor te berei.

Boere word aangeraai om:

- plaaslike veiligheidswaarskuwings en betroubare kommunikasie vanaf die SAPD en gevestigde veiligheidsnetwerke te monitor;
- alternatiewe roetes te identifiseer indien openbare paaie geblokkeer of onveilig raak;
- noodsaaklike kommunikasie, brandstof, mediese voorrade en ander kritieke hulpbronne op 'n verantwoordelike vlak beskikbaar te hou;
- 'n duidelike noodplan vir werkers, gesinslede, besoekers en ander persone op die plaas te hê;
- werknemers betyds in te lig oor veiligheidsprosedures en die aanmelding van voorvalle; en
- onnodige reis na gebiede waar 'n bevestigde veiligheidsrisiko bestaan, te vermy.

Indien 'n betoging, padblokkade of verdagte samedromming naby die plaas voorkom, moet boere afstand hou, die situasie beoordeel en die toepaslike owerhede kontak indien daar 'n veiligheidsrisiko bestaan.

Moenie gerugte op sosiale media versprei of ongeverifieerde boodskappe as bevestigde veiligheidswaarskuwings aanstuur nie.

Indien daar 'n onmiddellike bedreiging vir lewe of veiligheid bestaan, moet persone na 'n veilige plek beweeg en die SAPD of toepaslike nooddienste kontak.

3. **Vervoer van plaaswerkers na stemlokale**

Elke stemgeregtigde werknemer moet 'n redelike geleentheid hê om sy of haar stemreg uit te oefen. Boere behoort dus vooraf met werknemers te kommunikeer en praktiese reëlings te bespreek.

<u>Die volgende riglyne word aanbeveel</u>:

- Bepaal vooraf watter werknemers op verkiesingsdag moet werk en watter werknemers vervoer of ander bystand benodig.
- Bespreek, waar toepaslik, werkure, skofte en alternatiewe werksreëlings sodat werknemers hul stemreg kan uitoefen.
- Waar vervoer aangebied word, moet 'n padwaardige voertuig, 'n toepaslik gelisensieerde bestuurder en veilige vertrek- en terugkeertye gereël word.
- Bevestig vooraf waar werknemers geregistreer is om te stem en waar hul toegewese stemlokale geleë is.
- Maak seker dat werknemers verstaan dat hulle by die stemlokaal moet stem waar hulle geregistreer is. Hulle kan nie bloot by enige stemlokaal in die land stem nie.
- Moenie werknemers se politieke voorkeure bevraagteken, hul stemkeuse probeer beïnvloed of druk op hulle uitoefen om vir 'n bepaalde party of kandidaat te stem nie.
- Volgens die OVK se kennisgewing van 14 Oktober 2026 kan kiesers hul besonderhede nagaan deur hulle ID-nommer per WhatsApp na 0600 88 0000 te stuur, of per SMS na 32810 teen R1 per SMS.

Moet die boer vervoer verskaf?

Die beskikbare algemene riglyne stel nie 'n universele plig daar dat elke boer noodwendig vervoer na 'n stemlokaal moet verskaf nie. Dit beteken egter nie dat 'n werkgewer werknemers se stemreg mag belemmer nie.

Die praktiese en regsposisie moet beoordeel word met inagneming van die diensverhouding, toepaslike arbeidswetgewing, die aard van die werk en enige spesifieke ooreenkomste of reëlings.

TLU SA moedig boere aan om vooraf redelike en veilige reëlings met werknemers te tref, veral waar stemlokale ver van die plaas geleë is of werknemers nie oor eie vervoer beskik nie.

4. **Werk op 'n openbare vakansiedag**

Woensdag, 4 November 2026, is as 'n openbare vakansiedag verklaar.

Boere moet dus die toepaslike bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, dienskontrakte en enige toepaslike sektorale of kollektiewe ooreenkomste in ag neem wanneer hulle werk op die dag beplan.

Indien werknemers wel moet werk, behoort die werkgewer vooraf met hulle te kommunikeer en redelike reëlings te oorweeg om hulle in staat te stel om te stem.

Werknemers wat op die openbare vakansiedag werk, moet vergoed word ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, dienskontrakte en enige geldende kollektiewe ooreenkomste.

Opsommend : Werkgewers moet verseker dat enige ooreenkoms om op verkiesingsdag te werk, asook die toepaslike vergoeding, aan Artikel 18 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en enige geldende diens- of kollektiewe ooreenkoms voldoen. Dit is veral belangrik vir boerderye waar noodsaaklike werk, soos die versorging van diere en besproeiing, moet voortgaan.

5. **Bestaande plaasprotokolle en toegang tot plaasgrond**

Bestaande plaasveiligheidsprotokolle bly belangrik gedurende die verkiesingstydperk.

TLU SA se gepubliseerde Protokol vir Toegang tot Plase beklemtoon die beheer van persone wat plaasgrond wil betree of oorsteek, asook voorafreëlings vir besoeke. Die protokol erken terselfdertyd dat dit nie gebruik behoort te word om persone wat 'n bona fide-reg op toegang het, toegang onregmatig te weier nie.

Boere word aangeraai om:

- alle bestaande toegangbeheer- en aanmeldingsprosedures te handhaaf;
- vooraf te bevestig wie toestemming verleen het vir besoeke en wat die doel daarvan is;

- die identiteit en doel van besoekers op die voorgeskrewe wyse te verifieer;
- besoekers tot die goedgekeurde gebiede te beperk;
- enige besoek aan werkers vooraf te reël waar dit toepaslik is; en
- ongewone of intimiderende optrede aan die toepaslike owerhede te rapporteer.

Verkiesingsaktiwiteite, politieke werwing of besoeke deur persone wat met 'n politieke party of kandidaat geassosieer word, verleen nie vanself toestemming om privaat plaasgrond te betree nie. Toepaslike regsreëls en enige wettige bevoegdhede of toegangsregte moet egter steeds gerespekteer word.

Geen persoon behoort op grond van politieke affiliasie alleen geteister of bedreig te word nie. Boere behoort ook nie die regmatige optrede van bevoegde owerhede te belemmer nie.

Boere word aangeraai om versoeke deur politieke partye of hulle verteenwoordigers om toegang tot plaasgrond, vroegtydig te hanteer. Die regte van die grondeienaar, die wettige toegangsregte van plaasbewoners en toepaslike wetgewing moet respekteer word. Geen politieke partye of verteenwoordiger het bloot op grond van politieke affiliasie 'n onbeperkte reg op toegang tot privaat plaasgrond nie.

6. **Biosekuriteit en dieregesondheid**

Die beskerming van diere teen siektes bly 'n kernverantwoordelikheid op elke plaas. Dit is veral belangrik waar biosekuriteitsmaatreëls ingestel is om die verspreiding van bek-en-klouseer en ander aanmeldbare of beheerde dieresiektes te voorkom.

Bestaande biosekuriteitsmaatreëls moet gedurende die verkiesingstydperk gehandhaaf word en mag nie ter wille van verkiesingsaktiwiteiet verslap word nie.

Boere word aangeraai om:

- toegang deur persone, voertuie en diere streng te beheer;
- onnodige besoeke aan die plaas te vermy;
- besoeke vooraf te reël en besoekers oor die plaas se biosekuriteitsvereistes in te lig;
- die toepaslike besoekersregisters en aanmeldingsrekords by te hou;
- toepaslike skoonmaak- en ontsmettingsprosedures vir voertuie, toerusting en skoene te handhaaf;

- besoekers weg te hou van kuddes, krale, voerstore en ander biosekuriteitsensitiewe gebiede, tensy toegang noodsaaklik en gemagtig is;
- enige vereiste beskermende klere, handewas- en ontsmettingsmaatreëls toe te pas; en
- bestaande isolasie-, kwarantyn- en bewegingsbeperkings streng na te kom.

Waar werknemers vervoer na stemlokale gereël word, behoort die boer ook die risiko van beweging tussen plase en kontak met ander diere in ag te neem. Persone wat tussen verskillende plase beweeg, behoort die toepaslike higiëne- en ontsmettingsprosedures te volg.

Indien daar 'n vermoede van 'n beheerde dieresiekte bestaan, moet die verantwoordelike privaatveearts of staatsveearts onmiddellik in kennis gestel word en moet enige voorgeskrewe bewegingsbeperkings nagekom word.

7. **Kommunikasie en noodoptrede**

Elke plaas behoort 'n duidelike kommunikasieplan te hê wat aan alle toepaslike werknemers bekend is.

Die plan behoort die volgende in te sluit:

- noodkontaknommers en die verantwoordelike persoon op die plaas;
- prosedures vir die aanmelding van verdagte aktiwiteite;
- 'n veilige ontmoetingspunt of alternatiewe skuilplek waar nodig;
- reëlings vir werknemers wat vervoer benodig;
- prosedures vir besoekers en kontrakteurs; en
- die persoon wat gemagtig is om besluite oor plaasveiligheid en toegang te neem.

Boere behoort vooraf te bevestig wie gedurende verkiesingsdag verantwoordelik sal wees vir noodkommunikasie, die ontvangs van veiligheidswaarskuwings en die koördinering van optrede, indien 'n veiligheidsvoorval plaasvind.

Alle veiligheidsvoorvalle behoort so gou moontlik aangeteken te word, met die datum, tyd, plek, aard van die voorval en enige relevante besonderhede. Foto's of ander bewyse moet slegs bekom word indien dit veilig en wettig is om dit te doen.

8. **Kontrolelys vir boere voor verkiesingsdag**

- Plaas se bestaande veiligheidsplan hersien.
- Noodnommers en kommunikasiekanale bevestig.
- Werknemers oor veiligheidsprosedures ingelig.
- Werkure en stemreëlings vooraf bespreek.
- Vervoerbehoeftes en veilige roetes oorweeg.
- Toegang tot plaasgrond en besoekersprosedures bevestig.
- Biosekuriteitsprotokolle, ontsmetting en besoekersregisters nagegaan.
- Plaaslike veiligheidswaarskuwings gemonitor.
- Noodplan vir moontlike padblokkades of ontwrigting bevestig.

9. **Slot**

TLU SA moedig boere aan om gedurende die munisipale verkiesingstydperk waaksaam, voorbereid en verantwoordelik op te tree. Deur goeie kommunikasie, redelike reëlings vir werknemers, streng toegangbeheer en die handhawing van bestaande biosekuriteitsmaatreëls kan boere help om mense, eiendom en landbouproduksie te beskerm.

Die doel is nie om onnodige vrees te skep nie, maar om te verseker dat elke boer voorbereid is en dat normale landboubedrywighede so veilig en verantwoordelik moontlik voortgaan.

Belangrike kennisgewing: Hierdie inligtingsnota is bedoel as algemene riglyne en nie as formele regsadvies nie. Boere behoort spesifieke regs- of arbeidsregtelike vrae met 'n toepaslik gekwalifiseerde adviseur te bespreek.

Saamgestel deur :

GJ Lötter

Bestuurder: Dienste

TLU SA Hoofkantoor

[In samewerking met die TLU SA Nasionale Veiligheidskomitee]